

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2017**

**RELIGIESTUDIES V1**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings: AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A is VERPLIGTEND.
3. AFDELING B bestaan uit drie vrae waarvan TWEE vrae beantwoord moet word.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy 'n keuse maak.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die punte wat aan elke vraag toegeken word.
7. Beantwoord elke vraag op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

1.1 Definieer kortliks die volgende konsepte in die konteks van godsdienste:

- 1.1.1 Ideologie (2)
- 1.1.2 Lering (2)
- 1.1.3 Gelykenis (2)
- 1.1.4 Mite (2)
- 1.1.5 Geloof (2)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Kies die antwoord uit die volgende lys.

Kalbas; Hebreeus; Tora; Halaal; Karma
---------------------------------------

- 1.2.1 Voedsel wat geskik is vir Moslem gebruik word na verwys as ... (2)
- 1.2.2 In Afrika-kultuur mag die ... gebruik word om water of tradisionele bier te drink. (2)
- 1.2.3 Die bestudering en beoefening van die ... word as die teenvoeter van die bose gesien. (2)
- 1.2.4 Die Hindoe-etiek word na as ... verwys. (2)
- 1.2.5 Die tekste van die Ou Testament was in ... geskryf. (2)
- 1.3 Kies die woord uit elke groep woorde wat NIE pas NIE. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
  - 1.3.1 Bybel, Vedas, Woordeboek, Koraan (2)
  - 1.3.2 Moria, Mekka, Pretoria, Jerusalem (2)
  - 1.3.3 Jeremia, Jesus, Nelson Mandela, Profeet Mohammed (2)
  - 1.3.4 Baha'u'llah, Baha'i, Rome, Kitab-i-Aqdas (2)
  - 1.3.5 Unkulunkulu, Isangoma, Moses, Voorvaders (2)

- 1.4 Dui aan die volgende stellings WAAR OF ONWAAR is. Skryf slegs “waar” of “onwaar” langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK.

1.4.1 Muhammad is die stigter / profeet van die Baha'i-geloof. (2)

1.4.2 Die Vedas word beskou as heilige tekste in die Christelike geloof. (2)

1.4.3 Volgens Joodse geskiedenis was Moses die eerste mens om te erken dat God net een god is. (2)

1.4.4 Die stigter van Boeddhisme is die Dalai Lama (2)

1.4.5 Die heilige teks van Judaïsme is die Tanach. (2)

- 1.5 Kies 'n item uit KOLOM B wat by die woord/beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.6 F.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Baha'i	A	Konstitusie
1.5.2	Taoïsme	B	Heilige Wet van Islam
1.5.3	Sharia	C	Afrika Tradisionele Godsdiens
1.5.4	Godsdiensvryheid	D	Kitab-iAqdas
1.5.5	Verering van voorvaders	E	China

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2**

- 2.1 Definieer elkeen van die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:
- 2.1.1 Identiteit (4)
  - 2.1.2 Eenheid (4)
  - 2.1.3 Uniekheid (4)
  - 2.1.4 Vergelykbaarheid (4)
  - 2.1.5 Eendersheid (4)
- 2.2 Bespreek kortliks die rol van die voorvaders in Afrika Tradisionele Godsdiens. (10)
- 2.3 Bespreek die interne verskille wat bestaan in enige EEN godsdiens onder die volgende hoofde:
- 2.3.1 Godsdienstige leringe (10)
  - 2.3.2 Godsdienstige praktyke (10)
- [50]**

**VRAAG 3**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Net so, het elke religie, ongeag hoe na verwant hulle aanmekaar is, unieke eienskappe. Baie religieë is monoteïsties en sommige is politeïs. Baie glo in lewe na die dood, ander in reïnkarnasie. Elkeen het egter 'n kenmerk of kenmerke wat hom van ander onderskei.

[Aangepas en vertaal uit *Shuters Religion Grade 12*, Hofmeyr et al, bladsy 5]

- 3.1 Skryf die funksies wat deur die uniekheid van 'n godsdienst vervul word, neer. (5 x 2) (10)
- 3.2 Beskryf kortliks die unieke kenmerke van enige EEN van die godsdienste. (5 x 2) (10)
- 3.3 Maak 'n lys van VYF algemene oortuiging wat deur die drie Abrahamitiese godsdienste gedeel word. (5 x 2) (10)
- 3.4 "Godsdienste maak soms gebruik van stories of gelykenisse om 'n morele of filosofiese idee te kommunikeer."  
[Bron: Onbekend]
- Verduidelik die rol wat gelykenisse in godsdienstige of filosofiese leringe speel. (10)
- 3.5 Bespreek kortliks die konsep *doktrine* in 'n godsdienstige. (10)
- [50]**

**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

In verskeie onlangse studies oor godsdienstige dekking in die media is gevind dat oor die afgelope dekade baie toegeneem het. Die dekking was egter baie negatief en het hoofsaaklik op die volgende gefokus:

- Die politieke element van godsdienstige idees en instellings. Hierdie aspek het die meeste dekking ontvang
- Ander kwessies soos die stryd van vroue en minderheidsgroepe
- Kwessies oor seksuele moraliteit

[Bron: Aangepas en vertaal uit *Religion Studies Grade 12* deur Steyn et al, bladsye 220–221]

- 4.1 Dink jy die media gee regverdigde dekking aan godsdienstige sake? (2)
- 4.2 Gee redes vir jou antwoord op VRAAG 4.1. Sluit EEN voorbeeld in om jou antwoord te ondersteun. (10)
- 4.3 Waarom, dink jy, het mediadekking van godsdienstige sake skerp in die afgelope jare gestyg? (10)
- 4.4 Bespreek EEN voorbeeld uit die media wat na die politieke elemente van godsdiens verwys. (10)
- 4.5 Bespreek EEN voorbeeld uit die media wat na kwessies oor seksuele moraliteit en godsdiens verwys. (10)
- 4.6 Bespreek EEN voorbeeld uit die media wat verwys na kwessies wat vroue (of minderheidsgroepe) en godsdiens insluit. (8)

**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Religie is veronderstel om ons hoogste ideale en hoop te verteenwoordig. Jy sal dus dink, dat religie ons sal inspireer om vrede na te streef en om in harmonie met ander te leef. Maar die rekords van godsdiens, soos alle ander dinge waarby mense betrokke is, is gemeng.

[Bron: Aangepas en vertaal van *Shuters Religion Grade 12*, Hofmeyr et al, bladsy 60]

- 5.1.1 Identifiseer EEN streek of land van konflik in die wêreld en gee 'n kort geskiedenis van die konflik. (10)
- 5.1.2 Beskryf die huidige situasie van die konflik wat jy geïdentifiseer het. (10)
- 5.1.3 Verduidelik die rol van godsdiens in die konflik. (10)
- 5.1.4 Onderskei tussen *godsdiensvryheid* en *godsdiensstige verdraagsaamheid*. (4)
- 5.2 Vir elkeen van die volgende godsdienste bespreek die leringe wat menseregte bevorder:
- 5.2.1 Boeddhisme (4)
- 5.2.2 Christendom (4)
- 5.2.3 Islam (4)
- 5.2.4 Afrika Tradisionele Godsdiens (4)
- [50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**  
**GROOTTOTAAL: 150**



